higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

400Q1N2421

Copyright reserved

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Vergelyk ‘wetstoepassing’ met ‘uitoefening van die reg’:

A Wetstoepassing sluit gemeenskapspolisiebeamptes met aansienlike ruimte vir diskresie in.
B Uitoefening van die reg sluit in gemeenskapspolisiebeamptes met min of geen ruimte vir diskresie nie.
C Wetstoepassing is koërsief.
D Uitoefening van die reg is koërsief.

1.2 Wat behels gemeenskapspolisiëring volgens Peel se ‘nuwe polisie’?

A Polisiëring deur oorweging
B Internasionale aanspreeklikheid van polisiëring
C Militarisme in polisiëring
D Die fundamentele regte van individue

1.3 Wat is die wesenlike kenmerke van gemeenskapspolisiëring?

A Gemeenskapsbetrokkenheid, sektorpolisiëring, organisering, evaluering
B Gemeenskapsbetrokkenheid, sektorpolisiëring, ordening, beheer
C Gemeenskapsbetrokkenheid, probleemoplossing, desentralisering
D Gemeenskapsbetrokkenheid, probleemoplossing, sektorpolisiëring, herdefiniëring van doelstellings

1.4 Onderwys ...

A is noodsaaklik vir ’n persoon se ontwikkeling.
B is ’n informele leerfase.
C verander gesindhede, waardes en kultuur.
D is die ontwikkeling van slegs kennis.

1.5 Wat is NIE ’n voordeel van indiensopleiding nie?

A Indiensopleier moet vir hierdie rol opgelei word.
B Leerders verwerf selfvertroue.
C Leerders is produktief.
D Opleiding is kostedoeltreffend.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Demokrasie is 'n stelsel van onverteenwoordigende regering.

2.2 Uitoefening van die reg beteken dit is 'n polisiediens en nie 'n 'polisiemag' nie.

2.3 Stop-en-deursoek-bedrywighede kan as probleemgeoriënteerde reaksies beskou word wat gemeenskapsbetrokkenheid verg.

2.4 'n Koverte of ondergrondse operasie sluit geheime operasies uit, waar 'n situasie opgestel word om misdaad te ontmoedig of vermeende misdadigers vas te trek.

2.5 Spanleierskap kan uit twee hoeke bestudeer word, naamlik om die leierskapseienskappe van spanleiers noukeurig te ondersoek of die leierskaprolle van die spanlede te verken.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die tyd wat dit duur vir polisiebeamptes om op ’n oproep om hulp van die gemeenskap te reageer.	A	TUNCOCFLEO
3.2	Om die reg in eie hande te neem	B	polisiereaksietyd
3.3	Benodig goeie leiers vir leiding en afrigting	C	intermediêr kardiorespiratories
3.4	Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede 2004 (Wet 12 van 2004)	D	misdadigervryheid
3.5	Om tou te spring of te hardloop	E	organisering
3.6	Het ten doel om buigsaamheid van basiese strekking te verbeter	F	strategiese plan
3.7	Proses waarvolgens struktuur geskep word	G	intermediêre kragoefening
3.8	’n Persepsie wat gemeenskappe in ’n demokrasie dikwels het, naamlik dat die oortreder se regte meer as die slagoffer s’n beskerm word	H	vigilantisme
3.9	Batteryfiksheidstoets word in gespesifiseerde tyd voltooi	I	definisie van korrupsie
3.10	Drie tipes dissipline in die polisie	J	operasionele plan
		K	werksplek, interpersoonlik en persoonlik
		L	bemagtigde spanne
		M	intermediêre strekking
		N	komponente van strekking
		O	streep word oorgesteek deur mans in hoogstens vier minute
		P	streep word oorgesteek deur vroue in hoogstens vier minute

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

wanvoeding; rooibloedselle; witbloedselle; senuweestelsel; spiere; suurstofstelsel; eie selle; bene; dieet; koolhidrate; obesiteit; DNS; Mopani; nier; besit nie; gesond; ongesond; voeding; kardiosorg; besit; nuwe selle; RNS; RNBA

Vitamien B stel jou liggaam in staat om (4.1) ... in energie om te sit. Dit help ook jou (4.2) om in stresvolle tye behoorlik te funksioneer. Dit help om jou (4.3) ... op te bou en om (4.4) ... te herstel en te produseer. Dit moedig groei van (4.5) ... aan, wat help om ’n ystertekort teen te werk.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

‘Ek het ’n koeldrank nodig,’ sê die polisiebeampte aan die bestuurder terwyl hy nonchalant teen die halfoop venster leun. Die son bak neer op die voorruit van die motor wat kort gelede op die skouer van ’n besige Johannesburgse pad afgetrek is.

In Suid-Afrika is ’n lus vir ’n ‘koeldrank’ tydens ’n padblokkade ’n bekende bevel om ’n paar honderd rand te betaal. Volgens amptelike syfers is daar van 2021 tot 2022 byna 160 gevalle van bedrog en korrupsie aangemeld waarby polisiebeamptes wat behoorlike polisieopleiding ondergaan het, betrokke was. Volgens ’n verslag deur Transparency International het een uit vier lede van die publiek in 2018 omkoopgeld betaal.

‘’n Strafregtelike en dissiplinêre ondersoek word in elke saak van beweerde korrupsie ingestel,’ verseker ’n polisiewoordvoerder, Brenda Muridili, die AFP.

‘Natuurlik is daar een of twee vrot appels in ons geledere, maar die meeste polisiebeamptes werk hard en pas dit toe waarvoor hulle opgelei is,’ het sy gesê, en mense aangeraai om nie te veralgemeen nie.

[Vertaal uit: *https://www.africanews.com/2023/05/22/police-demand-cold-drink-in-south-africa//*]

5.1 Verduidelik in jou eie woorde wat ‘volgens wet goedgekeur’ beteken. (3)

5.2 Noem DRIE maniere waarop korrupte polisielede vir hul dade aanspreeklik gehou kan word. (3)

5.3 Noem VYF etiese aspekte wat in polisiëring benodig word. (3)

5.4 Verduidelik DRIE artikels van die gedragskode vir wetstoepassingsbeamptes in jou eie woorde. (3)

5.5 Bespreek die voor- en nadele van uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling met betrekking tot polisieopleiding om te verseker dat die polisiebeamptes in die scenario hier bo op ’n verantwoordbare manier reageer. (4)

[16]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik wat ’n werksverwante batteryfiksheidstoets in die polisie behels. (2)

6.2 Bespreek die TWEE struktuurtipes vigilantisme in jou eie woorde. (2 × 2) (4)

6.3 Verduidelik *operasionele planne* as ’n bestuursfunksie. (2)

6.4 Maslow se behoeftehiërargie word in hoërorde-behoeftes en laerorde-behoeftes verdeel.

Noem TWEE voorbeelde van hoërorde-behoeftes. (2)

6.5 Wat gebeur as jy geen voedsel inneem nie? (2)

6.6 Dui aan watter bewyse aangeteken moet word wanneer jy jou eie fiksheidsvlakke, soos hier onder aangedui, monitor om polisiewerk te kan verrig.

6.6.1 Die 1 m hoë hindernis is suksesvol voltooi.

6.6.2 Die 70 m-naelloop is voltooi.

(2 × 1) (2)
[14]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

MAN IN DIE KOP GESKIET NÁ AANVAL OP POLISIE BY GAUTENG HOTEL

Volgens ’n Netwerk24-verslag het die 59-jarige man wat deur ’n polisiebeampte in die kop geskiet is nadat hy ’n ander polisiebeampte by ’n hotel in Gauteng ontwapen het, sy bewussyn herwin nadat hy byna ’n maand lank in ’n koma was.

Op 13 November 2021 het hotelpersoneel die polisie oor ’n “problematiese” gas geskakel. Die polisie het hul gehaas na die toneel waar ’n argument met ’n gas, Len Cloete, nie opgelos kon word nie. Polisielede op die toneel het bystand versoek nadat hulle die omvang van die situasie besef het. Len Cloete, ’n gas by die Misty Hills Country Hotel in Muldersdrift, is geskiet nadat hy met polisie baklei het. In ’n video van die voorval, wat soos ’n veldbrand versprei het, kan Cloete gesien word waar hy onderklere aantrek terwyl polisiebeamptes hom by die ingang van ’n kamer omring.

Daar kan gehoor word hoe een polisiebeampte sê ‘Nou speel jy met vuur’, toe Cloete met ’n vuurwapen nader kom nadat hy dit oënskynlik oorgehaal het.

Cloete het een polisielid ontwapen en het die vuurwapen op ’n onveilige manier in alle rigtings rondgeswaai, waarop ’n ander SAPD-lid vir Cloete in die kop geskiet het. Paramedici is onmiddellik ná die skietvoorval na die toneel ontbied.

Die Provinsiale Kommissaris van Gauteng, luitenant-generaal Mawela, het daarop gewys dat die publiek nie polisiegesag moet verontagsaam nie, en dat hulle nie die reg in eie hande moet neem nie.

[Bron: *News 24:* 16 Nov 2021]

7.1 Bespreek die konsep *polisiemag* in jou eie woorde. (5)

7.2 Evalueer of die polisie in die scenario hier bo in ooreenstemming met die Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Polisiediens opgetree het. (5)

7.3 Bespreek McClelland se model van verworwe behoeftes. (10)

7.4 Beskryf hoe jy dehidrasie tydens oefensessies kan voorkom. (2)

7.5 Gee DRIE bronne van koolhidrate vir ’n gesonde dieet. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Evalueer of die verantwoordbaarheid aan die gemeenskap en onafhanklikheid van die polisie met betrekking tot hul dade in die werklikheid geopenbaar word. (5)

8.1.2 Bied 'n oplossing aan polisielede deur gebruikmaking van Suid-Afrikaanse wette oor die gebruik van geweld om die situasie by enige misdaadtoneel te kalmeer. (5)

8.2 Bespreek die beginsel van polisiediskresie in jou eie woorde. (10)
[20]

OF

VRAAG 9

9.1 Bespreek die verwantskap tussen *persoonlike etiek* en *professionele etiek* in 'n polisiëringskonteks. (10)

9.2 Bespreek in jou eie woorde die rol van georganiseerde arbeid in die polisiëringskonteks. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou